### *Vrees Elohim nie, maar het Hom lief*

**157** **Stahar** sê: "Vriend, ek weet dat jy `n groot filosoof is, en dat `n mens moeilik iets teen jou kan inbring, maar die merkwaardige dade van die engel kon jou tog onmoontlik nie ontgaan het nie! Het hy iets vir ons natuurlike lewe gedoen, of maar net vir ons gees?"

[2] **Die spreker** sê: "Ons het dit met ons oë gesien. Sien die mense in Jerusalem dit ook? Nee! Omdat hulle dit nie met hul sintuiglike, lewende oë gesien het nie, en dus ook gladnie sal kan glo as `n mens dit vir hul sou vertel nie, kan ons dan as verstandige mense vir hulle daaroor kwaad word, of hulle selfs tot allerlei straf veroordeel?!

[3] Eers deur ons sintuie word ons gedwing om te glo. Sonder oë sou ons net so goed verlore gewees het soos hulle wat nou in Jerusalem is. Sê my nou eers, waar hierdie eintlike, sedelike inbring begin! Vergeet die oë en hul noodsaaklike gesigsvermoë eers, en bepaal dan vir my die absoluut morele standpunt!"

[4] **Stahar** sê: "Vriend, ek sien wel dat ons nooit maklik tot ooreenstemming sal kom nie! Dit moet `n hoër gees vir ons heeltemal duidelik maak! Ek sien dat die engel nou na ons toe kom, praat eers met hom, ek is al baie nuuskierig hoe julle hierdie saak met mekaar sal reël!"

[5] Die onverstoorbare nugter **spreker** sê: "Beste vriend! Die engel vind ek niks belangriker as jy nie, en ek sal met hom praat netsoos met jou, en ek sal hom nog minder iets toegee as vir jou, omdat hy `n salige gees en heeltemal volmaak is, terwyl ons nog soos wurms in die stof van die verganklikheid oor die harde en smerige bodem van hierdie aarde moet kruip! Daar is maar één waarheid en die is net so van toepassing op `n engel as op die smerigste skobbejak ter wêreld!"

[6] By die aanhoor van hierdie woorde was **die engel** ook al met `n antwoord gereed en sê: "Floran, jy is dus gladnie bang vir my nie?"

[7] **Die spreker** sê: "As jy my naam ken, sal jy ook die redes weet waarom ek geen vrees vir Elohim kan hê nie, net so min as vir jou, ook al doen jy nog duisend ongelooflike groot wonderwerke! Ek kan my tog ook baie wonderwerke voorstel, maar nie verwesentlik nie, maar wat beteken dit?! As ek dit ook kon verwesenlik, sou die van jou beslis nie vir my as wonderbaarlik voorgekom het nie! Ek is al tevrede met die toekyk, - die verwesenliking gaan my niks aan nie! Of sou ek moet treur omdat ek nie so skitter soos die middagson nie, of omdat ek nie soos `n voël in die rondte kan vlieg nie?! Ek is met alles tevrede wat ek weet, wat ek is, en wat ek kan, en meer het ek in elk geval vir hierdie wêreld nie nodig nie!

[8] Maar wat ek weet, is en kan, is `n individuele gawe van Elohim aan my, waarvoor ek die Skepper dankbaar is. Meer het ek nie nodig nie, en ek beny ook niemand wat meer het nie!

[9] Moet ek dalk vir jou bang wees, omdat jy oneindig baie magtiger is as ek? O, glad nie! As jy dommer was as ek, of as jy geen mag gehad het nie, of sou dit onbeheers gewees het, sou ek dit dan met my suiwer verstand net so die hoof kon bied soos die krag van `n storm. Maar jou mag gaan gepaard met wysheid, en dit gee my die vertroue dat jy jou baldadigheid nie op my sal laat botvier nie, veral omdat ek jou nêrens enige skade kan, en nog minder wou berokken het nie. En sou jy dalk met my `n grap wou maak, dan sou ek nie vir jou daaroor kwaad geword het nie, maar jou ook nie geprys as `n leeu van die wysheid nie, wat soos `n mens sê, so ernstig is dat hy geen muggie vang nie. Elohim is egter nog oneindig baie wyser, en magtiger as jy, daarom vrees ek Hom nog minder as vir jou."

[10] **Die engel** sê: "Maar weet jy nie dat Elohim jou vir ewig kan vernietig of dat Hy jou `n ewige, ontsettende kwelling kan oplê as jy Sy wet nie hou nie?! Moet Elohim in die opsig dan ook nie gevrees word nie?!"

[11] **Floran** sê: "Sonder om maar enige afbreuk aan jou wysheid te wil doen, moet ek openlik aan jou beken dat hierdie vraag aan my, jou wysheid - op die man af gesê - geen besondere hemelse eer aandoen nie! Om daaraan te twyfel of Elohim, as die almagtige wese, my sou kan vernietig, sou nog groter dwaasheid wees as jou, aan die onnosel grensende, herinnerings van my sub- en objektiewe nietigheid. Wat dan nou as ek weer tot niks word, soos wat ek ook vóór die bestaan `n ewige niks was?! Hierdie niks is niks, het niks nodig nie, en hoef vir ewig vir niks te sorg nie! Kom dus maar op met jou ewige vernietiging van my niks, wat tog al niks is, en ek gee jou reeds vóóraf die versekering dat ek as `n suiwer niks, jou nooit daaroor voor die gereg sal daag nie! As dit vir Elohim, die beslis mees wyse wese, egter plesier gee om my vir ewig te pynig, en te martel, dan maak Sy wysheid ook nie baie saak nie, want so `n verlange sou `n mens kwalik by `n tier van `n tiran aantref.

[12] Die geskiedenis gee ons egter geen voorbeeld dat daar ooit `n wyse tiran was nie. Wat sou jy en jou Elohim my antwoord as ek julle bewys dat julle baie onwys, in plaas van wys was?! Niemand kan dit egter van Elohim beweer nie, as hy ook maar net `n blik gewerp het op die baie wyse bou van elke skepsel! Elohim is daarom baie wys en daarom beslis ook baie goed.

[13] Met sulke volkome eienskappe kan Hy egter ook onmoontlik ooit êrens in die hele oneindigheid `n skepsel geskape het vir `n ewige kwelling! Ja, om `n wese deur allerlei bittere en pynlike ervarings te reinig, hier of in die hiernamaals, is iets heel anders. Want die mens is `n werk van Elohim, wat hom volgens die wyse orde van Elohim self in die sedelike sfeer moet vervolmaak om dit te word waartoe hy deur die Skepper bestem is!

[14] Sulke kortstondige, pynlike verbeterings-momente laat die Skepper maar net toe. Hy skep dit nooit Self om `n mens vir Sy genoegdoening na `n misstap vir `n tyd lank te kwel nie. Hy laat dit maar net toe om die mens terug te bring tot die nugter herken van die orde, om hom daardeur makliker te kan ontwikkel. Ek kan so `n suiwer goddelike voorsorgsmaatreël, waaruit slegs liefde en die grootste goedgunstigheid straal, nooit sien as `n diktatoriale straf nie!

[15] Jy kan Elohim daarom nie erger beledig as wanneer jy Hom aan my as `n ewige tiran voorstel nie! - Ek glo dat jy my goed sou verstaan het!

[16] Ek kan Elohim slegs bo alles liefhê, en Hom as die beste, gewydste en mees wyse Wese aanbid, maar nooit as te nimmer vrees nie!"

[17] Toe klop **die engel** vir Floran op die skouer en sê glimlaggend: "Dit is goed gepraat en dink nie dat ek `n woordestryd met jou sal wil begin nie, want jy het gelyk en ek het ook gelyk! Ek wou jou maar net met my bra onnosele vrae die geleentheid gee om ook jou mening heelwat openliker vir jou broers uit te spreek as wat vroeër die geval was, en ek sê jou nou dat jy al ryp is om die Meester te ontmoet! Volg my dus, - ek sal jou self na Hom toe bring!"

[18] **Floran** sê: "Dit is dus suiwer erns, dat die ou voorspelling hier in vervulling gegaan het?"

[19] **Die engel** sê: "Ja! Dit is die volle waarheid en daarvan is ek tog `n sprekende hemelse getuie. Kom nou egter alleen saam met my!"

### *Oor nederigheid en hoogmoed*

**158** **Floran** sê: "Waarom nie ons owerste, Stahar, en my ander broers nie? Is hulle dan `n minder soort mens as ek? Gaan maar alleen! As my broers nie werd is om aan die Meester van die ewighede voorgestel te word nie, is ek dit nog minder, want na my beste wete is hulle beter as ek!

[2] Knoop dit aan jou ore, engel - as jy ook iets aan jou ore kan knoop - ek is teen elke voorkeur vir my persoon! Ek sien graag dat my broers die voorkeur kry, maar self wil ek altyd die minste onder hulle wees! Ek het die mense werklik lief. En hulle waarvan mens werklik hou, gee `n mens graag alle voorkeur, en elke voordeel, en daarmee is `n mens dan tog goed gelukkig! Vra dit maar aan al my broers of ek ooit anders gedink en gehandel het! En waarom sou ek my nou, waar al my broers by is, vir die eerste keer in my lewe laat voortrek?! Nee en ewiglik nee! Duisend legioene van sulke magtige geeste soos jy daarvan een is, en tien almagtige JaHWeH`s sal, solank ek vry kan dink en wil, nooit my mening verander nie!

[3] Kyk, almagtige vriend, dit is ook `n standpunt waar geen enkele verleiding my vanaf sal kry nie, selfs geen duisend geopende hemele en geen vrees vir net so baie oop helle nie!

[4] Gaan maar alléén na die Meester! Uit vrye wil volg ek jou nooit! En dit verwonder my trouens dat jy, toe jy my die voorkeur gegee het, as alwetende gees vooraf nie gemerk het dat ek hierdie rotsvaste oortuiging toegedaan is nie! Ek bly by my uitspraak! My liggaam kan jy weliswaar daarheen bring, omdat jy `n oorvloed mag en krag daarvoor besit, maar die wil van my hart kan jy nooit ophef nie, tensy dit vir jou moontlik is om haar van my af te neem, en daar `n ander in haar plek te stel! Maar daarmee het jy my huidige ek werklik nie in die minste verander nie, maar dit net vernietig, en in plek daarvan `n ander in hierdie wrak van `n masjien geplaas!"

[5] **Die engel** sê met `n baie vriendelike gesig:"Maar beste vriend en broer, wie sê dan dat ek jou op die een of ander wyse die voorkeur gee deur jou volgens die wil van die Meester, as diegene wat die verste gevorder het, eerste na Hom toe te bring? Het jy ooit gesien dat daar op `n edele boom, alle vrugte gelyk ryp word? Wie sou, as hy sy verstand gebruik, ooit bedink om dan die eerste ryp geworde peer die voorkeur te gee, omdat hierdie peer eerste ryp geword het?! Mens eet haar wel vroeër as daardie wat later ryp word, - maar by ons in die hemele is daar tog geen sprake daarvan dat `n mens haar daarom beter sal vind as sy wat later rypword nie! Dan sou Moses ook beter moet wees as die Meester Self, omdat hy byna meer as duisend jaar vóór Hom geroep was! O, daardeur kry jy geen voorkeur nie, - inteendeel! Wie is by `n pad beter af: diegene wat die pad aangelê het, of die leëraanvoerder en sy gevolg, wat die pad daarna betree en sy leër verder lei?

[6] Kyk, vriend, ondanks jou suiwer verstand het jy dit egter nie so goed bekyk nie! Ek ken die taamlik starre instelling van jou hart goed en stel haar daarom slegs uiterlik op die proef, en toe vind ek op die agtergrond van jou origens fyngevoelige hart, dat daar ook `n bietjie bedekte hoogmoed is, wat maak dat jy jou deur die ware nederigheid in jouself beter ag as die ander. Jy wou naamlik tog in `n sekere opsig jouself laat geld het as `n unieke, en `n persoon wat nie oortref kan word nie, en wat betref nederigheid, uitsteek bo alle ander! En uiteindelik is dit maar die vraag, wie van die twee hoogmoediger is: hy wat van alle mense die laaste en nederigste wil wees, of hy wat die eerste en hoogste wil wees!

[7] Ken jy nie die Griekse geskiedenis van koning Alexander uit Macedonië, en die beslis onaansienlikste mens Diogenes nie? Wel, hy het jare lank in `n tonnel wat hy aan die sandoewer as woonhuis neergesit het, geleef!

[8] Op `n dag besoek die groot held en koning hierdie sonderling, wat beslis enig in sy soort was. Alexander gaan voor die tonnel staan. Hierdie Stoïsyn geval hom en hy vra vir hom: 'Wat wil jy dat ek vir jou doen?” En Diogenes versoek dringend: 'Wil u uself asseblief verwyder van die sy vanwaar die strale van die weldadige son my verwarm!”

[9] Hierdie stoïsynse kalmte geval die groot held goed, maar hy sê tog: 'As ek nie reeds Alexander was nie, sou ek verkies het om Diogenes te wees!”

[10] Maar wat bedoel Alexander hiermee? Kyk, dit beteken dit: 'Die hele wêreld huldig my, maar wat `n stryd het dit my gekos! Hy geniet byna nog meer bekendheid as ek en maak hom ook onsterflik, - en al hierdie onsterflike roem kos hom slegs `n ou tonnel!”

[11] Vind jy ook nie dat daar tussen die hoogmoed van Alexander en Diogenes maar min verskil was nie?! Tog was dit wel so, Diogenes was in sy soort hoogmoediger as Alexander!

[12] Dit is goed om laaste te wil wees uit ware liefde en nederigheid, maar die ware liefde en nederigheid sluit die gehoorsaamheid nie uit nie, veral aan die allerhoogste Meester van hemel en aarde. Doen daarom, as jy nie dwars wil wees nie, wat die Meester wil, en dan sal alles goed wees. Want die Meester weet die beste waarom Hy iets wil!"

[13] Dan sê **Floran**: "Ja, nou gaan ek met jou saam, omdat jy my so vriendelik daarvan oortuig het dat my ingesteldheid duidelik nie reg was nie." - En Floran volg alleen die engel, wat hom na My toe bring.